SWARTLAND MUNISIPALITEIT
KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSVERORDENING

Ingevolge die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal Swartland Munisipaliteit soos volg-

Inhoudsopgawe

1. Woordomskrywings
2. Plig om skuld in te vorder
3. Diensverskaffing
4. Deposito's
5. Renteheffings
6. Reëlings om agterstallige gelde te betaal
7. Ooreenkoms met werkgewer
8. Bevoegdheid om die verskaffing van dienste te beperk of af te sluit
9. Skuldverhaling
10. Verhaling van koste
11. Beslaglegging
12. Volle en finale vereffening
13. Konsolidasie van rekenings en toewysing van betalings
14. Deernisondersteuning
15. Delegasie
16. Klaringsertifikate
17. Appèl
18. Misdrywe en strawwe
19. Herroeping van verordeninge
20. Kort titel en inwerkingtrede

BYLAE: KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSBELEID

1. Definisies

In hierdie verordening geld die Engelse teks in die geval van enige teenstrydigheid met die Afrikaanse teks, en, tensy die konteks anders aandui, beteken–

"agterstallige bedrae" enige bedrag verskuldig en betaalbaar aan die munisipaliteit wat nie voor of op die betaaldatum betaal is nie;

"beleid" die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid van die munisipaliteit, soos weerspieël in die Bylae tot hierdie verordening, welke Bylae verwys;

"beskikbaarheidsgelde" die gelde wat gehef kan word teen onroerende eiendom met of sonder verbeteringe, wat nie aan enige munisipale diensnetwerk aangesluit is nie maar waar sodanige eiendom redelikerwys aangesluit kan word;

"betaaldatum" die finale datum waarop betaling, soos getoon op die munisipale rekening, moet geskied;

“eienaar”

(a) ten opsigte van eiendom gemeld in paragraaf (a) van die omskrywing van “eiendom”, beteken ‘n persoon in wie se naam eienaarskap van die eiendom geregistreer is;

(b) ten opsigte van ’n reg gemeld in paragraaf (b) van die omskrywing van “eiendom”, beteken ’n persoon in wie se naam die reg geregistreer is;

(c) ten opsigte van ’n grondbesitreg gemeld in paragraaf (c) van die omskrywing van ”eiendom”, beteken ’n persoon in wie se naam die reg geregistreer is of aan wie dit ingevolge wetgewing toegestaan is; of

(d) ten opsigte van openbare dienste infrastruktuur gemeld in paragraaf (d) van die definisie van “eiendom”, beteken ’n staatsorgaan wat sodanige openbare dienste infrastruktuur besit of beheer;

met dien verstande dat ’n persoon wat hieronder gemeld word vir die doeleindes van hierdie verordening in die volgende gevalle as die eienaar van ’n eiendom deur ’n munisipaliteit beskou sal word–

(i) ‘n trustee, in die geval van ’n eiendom in ’n trust, met uitsluiting van staatstrustgronde;

(ii) ‘n eksekuteur of administrateur in ’n bestorwe boedel;

(iii) ‘n trustee of likwidateur in ’n insolvente boedel of in likwidasie;

(iv) ‘n geregtelike bestuurder in die boedel van ’n persoon onder geregtelike bestuur;

(v) ‘n kurator in die boedel van ’n persoon wat onder kuratorskap verkeer;

(vi) ‘n vruggebruiker of ander persoon in wie se naam ’n vruggebruik of ander persoonlike serwituut geregistreer is, in die geval van ’n eiendom wat aan vruggebruik of ’n ander persoonlike serwituut onderworpe is;

(vii) ‘n koper, in die geval van ’n eiendom wat verkoop is en waarvan besit gegee is aan die koper hangende registrasie van eienaarskap in die naam van die koper;

(e) in enige geval waar die raad nie in staat is om die identiteit van so ‘n persoon te bepaal nie, ‘n persoon wat geregtig is op die voordelige gebruik van sodanige onroerende eiendom;

(f) in die geval van onroerende eiendom waarvoor ‘n huurooreenkoms van 30 jaar of langer aangegaan is, die huurder daarvan;

(g) met betrekking tot–

(i) ‘n gedeelte van grond wat op ‘n deeltitelplan afgebaken is en ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986) geregistreer is, die ontwikkelaar of beheerliggaam met betrekking tot die gesamentlike eiendom;

(ii) ‘n gedeelte van grond, die persoon op wie se naam daardie gedeelte geregistreer is in ooreenstemming met die transportakte, met insluiting van die wettig aangestelde verteenwoordiger van sodanige persoon;

(iii) enige persoon, met insluiting van maar nie beperk nie tot-

(aa) ‘n maatskappy geregisteer in ooreenstemming met die Maatskappywet, 2008, (Wet 71 van 2008) ‘n trust *inter vivos*, ‘n trust *mortis causa*, ‘n beslote korporasie geregistreer in ooreenstemming met die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet 69 van 1984), en ‘n vrywillige assosiasie;

(bb) enige staatsdepartement;

(cc) enige raad of bestuursliggaam ingestel ingevolge enige wet van toepassing in die Republiek van Suid-Afrika; en

(dd) enige ambassade of ander buitelandse entiteit;

“eiendom” beteken–

(a) onroerende eiendom geregistreer in die naam van ‘n persoon, insluitend, in die geval van ‘n deeltitelskema, ‘n deeltiteleenheid wat in die naam van ‘n persoon geregistreer is;

(b) ‘n reg geregistreer teen onroerende eiendom in die naam van ‘n persoon, met uitsluiting van ‘n verbandlening wat teen die eiendom geregistreer is;

(c) ‘n grondbesitreg geregistreer in die naam van ‘n persoon of verleen aan ‘n persoon ingevolge wetgewing; of

(d) openbare dienste-infrastruktuur;

“finansiële jaar” die periode vanaf 1 Julie tot 30 Junie van elke jaar;

“hierdie verordening” sluit die beleid wat in die Bylae tot hierdie verordening weerspieël word in;

“hulpbehoewende” ‘n persoon of huishouding soos beoog in paragraaf 25 van hierdie beleid;

“in verstek”

(a) indien ’n eienaar aan die einde van ‘n finansiële jaar van die munisipaliteit enige bedrag geld aan die munisipaliteit verskuldig is ten opsigte van belasting of beskikbaarheidsgelde; of

(b) indien ’n eienaar na 31 Oktober van ’n jaar agterstallig is met betaling van belastings; of

(c) indien ’n eienaar vir ’n periode van 60 dae of langer agterstallig is met betaling van beskikbaarheidsgelde;

“munisipale bestuurder” die persoon wat deur die raad in dié hoedanigheid aangestel is ingevolge artikel 54A van die Wet;

“munisipale dienste” beteken **“***munisipale dienste”* soos omskryf in artikel 1 van die Wet, en sluit ‘n funksie of ‘n kombinasie van funksies in soos gelys in Bylae 4B en 5B van Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en enige ander diens wat deur die munisipaliteit gelewer word;

“munisipaliteit” die munisipaliteit van Swartland en sluit enige gedelegeerde amptenaar of diensverskaffer van die munisipaliteit in;

“okkupeerder” enige persoon wat ‘n perseel bewoon of beheer het daaroor;

“onwettige praktyke” enige praktyk of bedryf wat op ’n perseel beoefen word wat teenstrydig is met Nasionale of Provinsiale wetgewing of enige verordeninge of regulasies van die munisipaliteit.

"persoon" sluit in–
(a) 'n natuurlike persoon
(b) 'n regspersoon;
(c) vir die doeleindes van hierdie verordening ook enige industriële of handelsonderneming; en
(d) 'n staatsinstelling;
"perseel" beteken enige gedeelte grond, geleë binne die regsgebied van die munisipaliteit, waarvan die buitegrense afgebaken is op–
(a) 'n algemene plan of diagram wat geregistreer is ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927) of die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937); of
(b) 'n deeltitelplan geregistreer ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986);
"rekening" sluit in–
(a) heffings, bobelasting, dienstegelde en beskikbaarheidsheffings ten opsigte van die volgende dienste–
(b) elektrisiteitsvoorsiening;
(c) watervoorsiening;
(d) vullisverwydering;
(e) riooldienste;
(f) eiendomsbelasting;
(g) huurgeld;
(h) leningspaaiemente
(i) rente op agterstallige bedrae; en
(j) enige ander heffings en gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is;
en **"munisipale rekening"** het 'n ooreenstemmende betekenis;
"raad" die munisipale raad van die munisipaliteit van Swartland;
"skuld" enige gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig is ten opsigte van die lewering van munisipale dienste, en sluit geld in wat verskuldig is met betrekking tot eiendomsbelastings, behuising, motorvoertuigregistrasie en -lisensiëring, huurkontrakte wat beëindig is en enige ander uitstaande bedrae, met inbegrip van rente wat daarop verdien is, wat aan die munisipaliteit verskuldig is;
"standaardrentekoers" beteken 'n rentekoers gelyk aan die prima koers plus 'n persentasie wat jaarliks tydens die begrotingsproses deur die raad bepaal word;
"verbruiker" die persoon, met insluiting, maar nie beperk nie, tot die eienaar, huurder of okkupeerder van eiendom wat munispale dienste ontvang, gebruik of voordeel daaruit trek;
"Wet" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

2. Plig om skuld in te vorder

Alle skuld verskuldig aan die munisipaliteit moet ooreenkomstig hierdie verordening en die beleid ingevorder word.

3. Diensverskaffing

Nuwe aansoeke om dienste en die verskaffing van nuwe dienste moet ooreenkomstig die voorskrifte vervat in die beleid hanteer word.

4. Deposito's

Die munisipaliteit mag vereis dat deposito's betaal word vir die verskaffing van dienste en die heraansluiting van dienste, of mag die bedrag van enige bestaande deposito ooreenkomstig die voorskrifte vervat in die beleid aanpas.

5. Renteheffings

Die munisipaliteit mag rente hef en verhaal ten opsigte van enige agterstallige skuld ooreenkomstig die voorskrifte van die beleid.

6. Reëlings om agterstallige gelde te betaal

(1) Die munisipale bestuurder mag reëlings met 'n verbruiker tref om enige agterstallige skuld te betaal ooreenkomstig die voorwaardes van die beleid.

(2) Indien 'n geskil ontstaan oor die bedrag van die agterstallige skuld, moet die verbruiker steeds voortgaan om ingevolge die ooreenkoms gereelde betalings te doen tot tyd en wyl die geskil besleg is.

7. Ooreenkoms met werkgewer

(1) Die munisipale bestuurder mag–

(a) met die toestemming van 'n verbruiker wie se betalings agterstallig is, 'n ooreenkoms met sy of haar werkgewer aangaan om van sy of haar salaris af te trek–

(i) enige uitstaande bedrae wat deur die verbruiker aan die munisipaliteit verskuldig is; of

(ii) gereelde maandelikse bedrae soos ooreengekom; en

(b) spesiale aansporings bied vir–

(i) werkgewers om sulke ooreenkomste aan te gaan; en

(ii) verbruikers wat instem tot sulke ooreenkomste.

8. Bevoegdheid om die verskaffing van dienste te beperk of af te sluit

(1) Die munisipaliteit mag die verskaffing van enige diens na enige perseel beperk of afsluit wanneer sodanige verbruiker–

(a) versuim om op die betaaldatum te betaal;

(b) versuim om 'n ooreenkoms na te kom;

(c) versuim om aan 'n verskaffingsvoorwaarde soos deur die munisipaliteit opgelê, te voldoen;

(d) die infrastruktuur vir die verskaffing van sodanige diens beskadig of met 'n meter met betrekking tot daardie diens peuter.

(2) Die munisipaliteit mag slegs die verskaffing van enige van die beperkte of gestaakte dienste heraansluit en herstel–

(a) nadat die agterstallige skuld, sowel as al die koste wat in die beleid voorgeskryf word, ten volle betaal is en enige ander voorwaardes nagekom is; of
(b) nadat ‘n ooreenkoms met die verbruiker aangegaan is vir die betaling van die bedrae bedoel in subartikel (a); en
(c) na die betaling van alle heffings soos in die munisipaliteit se Tariefbeleid bepaal in die geval van peutering of beskadiging van metertoerusting deur die verbruiker verantwoordelik vir sodanige skade of peutering.

(3) Die munisipaliteit mag enige diens ten opsigte van enige agterstallige skuld beperk, afsluit of staak.

9. Skuldverhaling

Onderworpe aan artikel 6 moet die munisipale bestuurder met betrekking tot eiendomsbelastings, en mag hy of sy met betrekking tot enige ander skuld–

(a) skuld deur regsoptrede verhaal;
(b) skuld van enige staatsorgaan verhaal met inagneming van die bepalings van Hoofstuk 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996; en
(c) skuld na derdeparty-skuldinvorderingsagentskappe verwys.

10. Verhaling van koste

(1) Waar kostes deur of namens die munisipaliteit aangegaan is ten einde gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig is te verhaal, mag die munisipale bestuurder sodanige kostes verhaal, met inbegrip van die volgende maar nie beperk daartoe nie–

(a) koste- en administrasiegeld waar betalings wat deur middel van verhandelbare dokumente aan die munisipaliteit gemaak word deur ’n bank geweier word wanneer dit vir betaling aangebied word;
(b) regs- en administratiewe koste, ingesluit prokureurs- en kliëntkoste en opsporingskoste aangegaan om skuld te verhaal;
(c) beperkings-, afsluitings- en heraansluitingskoste, waar enige diens beperk of afgesluit is as gevolg van nie-voldoening aan hierdie verordening;
(d) enige verliese wat die munisipaliteit mag ly as gevolg van peutering met munisipale toerusting of meters; en
(e) enige invorderingskommissie wat aangegaan is.

11. Beslaglegging

Ten einde skuld te verhaal, mag die munisipale bestuurder ‘n hof met die nodige jurisdiksie nader vir ‘n bevel om op ‘n verbruiker se roerende of onroerende eiendom beslag te lê.

12. Volle en finale vereffening

(1) Enige bedrag aangebied ter betaling van skuld moet ontvang word by enige betaalkantoor van die munisipaliteit.

(2) Geen aanbod ter volle en finale vereffening van skuld mag aanvaar word waar sodanige bedrag minder is as die uitstaande bedrag nie, tensy dit skriftelik deur die munisipale bestuurder bevestig is.

(3) Nieteenstaande subartikel (2) moet betaling wat so aangebied word teen die verbruiker se rekening gekrediteer word sonder benadeling van die munisipaliteit se regte.

13. Konsolidasie van rekenings en toewysing van betalings

(1) Ingevolge artikel 102 van die Wet, beskou die munisipaliteit alle afsonderlike rekenings van ‘n verbruiker as gekonsolideer ongeag die feit dat afsonderlike rekenings gelewer kan word en dit sluit alle vooraf betaalde dienste waarvoor geen rekening gelewer is nie, in.

(2) Betalings wat deur die munisipaliteit ontvang word, sal toegewys word in die volgorde soos uiteengesit in paragraaf 7 van die beleid en moet jaarliks tydens die begroting hersien word.

(3) Subartikel (1) is nie van toepassing indien daar ‘n dispuut is rakende enige spesifieke bedrag wat deur die munisipaliteit van ’n verbruiker geëis word nie.

14. Deernisondersteuning

Finansiële hulp mag deur die munisipaliteit verleen word aan ’n persoon wat voldoen aan die kriteria wat in paragraaf 25 van die beleid neergelê word.

15. Delegasie

Die munisipale bestuurder mag sy of haar magte ingevolge hierdie verordening aan enige amptenaar of diensverskaffer van die munisipaliteit delegeer.

16. Uitklaringsertifikate

Met die verkoop van enige eiendom moet die munisipaliteit die verlangde uitklaringsertifikaat uitreik soos voorgeskryf in die beleid.

17. Appèl

‘n Persoon wie verontreg voel deur ‘n besluit van die munisipaliteit ingevolge gedelegeerde magte, mag teen daardie besluit appelleer deur binne 21 dae van die datum van die kennis van die besluit aan die munisipale bestuurder skriftelik kennis te gee van die appèl en die redes daarvoor ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000.

18. Misdrywe en strawwe

(1) ’n Persoon wat–

(a) ’n amptenaar of raadslid van die munisipaliteit verhinder of verhoed om sy pligte ingevolge hierdie verordening of die beleid uit te voer;

(b) munisipale toerusting onwettig gebruik of inmeng met die verskaffing van dienste;
(c) met enige munisipale meter peuter, dit beskadig of enige seël op enige meter breek;
(d) versuim om te voldoen aan ’n kennisgewing ingevolge hierdie verordening of beleid bestel;
(e) ’n amptenaar van die munisipaliteit toegang tot enige perseel weier; of
(e) vals inligting verstrek met betrekking tot die verskaffing van dienste of aansoek om deernisondersteuning,

pleeg ’n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete of gevangenisstraf of sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

19. Herroeping van verordeninge

Die volgende verordeninge word hiermee herroep:

(a) Verordening insake kredietbeheer en Skuldinvordering gepromulgeer op 19 September 2003; en
(b) Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering gepromulgeer op 4 Desember 2009.

20. Kort titel en inwerkingtrede

Hierdie verordening staan bekend as die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening en sal op 1 Julie 2014 in werking tree.

BYLAE

SWARTLAND MUNISIPALITEIT
KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSBELEID

Ingevolge artikel 96 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 2000 (Wet 32 van 2000) aanvaar die munisipaliteit van Swartland hiermee die volgende Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid:

Inhoudsopgawe

HOOFSTUK 1: OOGMERKE VAN DIE BELEID
1. Oogmerke van die beleid

HOOFSTUK 2: KLANTESORG EN -BESTUUR
2. Kommunikasie
3. Meting van munisipale dienste en defektiewe meters
4. Munisipale rekenings
5. Navrae, dispute en appèl
6. Betaalfasiliteite

7. Konsolidasie van rekenings en toewysing van inkomste

HOOFSTUK 3: KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGS-MAATREËLS

8. Aansoek vir munisipale dienste
9. Aanspreeklikheid vir betaling
10. Betaaldatum
11. Agterstallige rekenings
12. Heffing van rente
13. Afsluiting en heraansluiting van dienste
14. Betaling van deposito
15. Instelling van geregtelike stappe
16. Afskrywing van uitstaande skuld

HOOFSTUK 4: ALGEMENE BEPALINGS

17. Koste van invordering
18. Gedishonoreerde betalings
19. Toegang tot persele
20. Veilige akkommodasie van diensaansluitings en apparaat
21. Ongemagtigde gebruik van dienste
22. Ondertekening en sertifisering van dokumente
23. Prima facie getuienis
24. Klaringsertifikate

HOOFSTUK 5: DEERNISONDERSTEUNING

25. Kriteria vir finansiële hulp aan hulpbehoewendes
26. Toewysing van finansiële hulp
27. Kansellasie van finansiële hulp

HOOFSTUK 1: DEFINISIES EN OOGMERKE

1. Oogmerke van die beleid

Die oogmerke van hierdie beleid is om–

(a) te fokus op alle uitstaande skuld wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is;

(b) voorsiening te maak vir innoverende, kostedoeltreffende, doelmatige en gepaste metodes vir kredietbeheer, skuldinvordering en verligting aan hulpbehoewendes;

(c) ‘n kultuur van goeie betaalgewoontes te bevorder en om ‘n gevoel van verantwoordelikheid teenoor die betaling van munisipale rekenings te skep en om munisipale skuld te verminder; en

(d) om voorsiening te maak vir die subsidiëring van dienste aan hulpbehoewende huishoudings.

HOOFSTUK 2: KLANTESORG EN -BESTUUR

2. Kommunikasie en die oordra van inligting

Ten einde uitvoering aan die bepalings van artikel 95(a), (b) en (c) van die Wet te gee, kan die munisipaliteit–

(a) ‘n klantesorgforum daarstel waar lede van die gemeenskap en lede van die raad mekaar kan ontmoet;

(b) wyksvergaderings hou waar verteenwoordigers van die munisipaliteit en ander diensverskaffers met wykslede en hul wyksverteenwoordigers kan beraadslaag; en

(c) maatreëls instel om seker te maak dat verbruikers van munisipale dienste of enige ander diens, belastingbetalers en inwoners in die algemeen, behoorlik ingelig word met betrekking tot dienslewering en in besonder die koste van die verskaffing van dienste.

3. Meting van munisipale dienste en defektiewe meters

(1) Die munisipaliteit moet die meet van elektrisiteit en water wat aan verbruikers voorsien word deur middel van akkurate en verifieerbare metingstelsels verseker.

(2) Meters moet so ver moontlik met tussenposes van een maand of ‘n tydperk wat deur die munisipaliteit bepaal word, gelees word.

(3) Indien meters om enige rede nie gelees kan word nie of nie gelees is nie, sal die munisipaliteit geregtig wees om ‘n rekening te lewer gebaseer op die geskatte verbruik bereken op grond van die gemiddelde verbruik van die drie maande voor die datum waarop die meter die laaste keer gelees is, met dien verstande dat die verskil tussen die werklike verbruik en die geskatte verbruik verreken word sodra ‘n gemeterde lesing verkry is.

(4) Dit word aanvaar dat die elektrisiteits- of waterverbruik wat deur ‘n meter geregistreer is, in werklikheid gelewer is, met dien verstande dat vir enige tydperk wat die meter buite werking was, die elektrisiteit of water wat so gelewer is, bereken kan word op grond van die gemiddelde verbruik oor die drie maande voor die betrokke tydperk.

(5) ‘n Verbruiker kan ‘n spesiale meterlesing teen ‘n voorgeskrewe tarief versoek.

(6) Defektiewe meettoerusting sal hanteer word ingevolge die munisipaliteit se verordeninge met betrekking tot die voorsiening van water- en elektrisiteitsdienste.

(7) Die bepalings van die verordeninge genoem in subparagraaf (6) met betrekking tot die eienaarskap van meettoerusting is met die nodige wysigings van toepassing.

4. Munisipale rekenings

(1) Die munisipaliteit sal maandeliks ‘n rekening lewer aan die verbruiker van munisipale dienste.

(2) Die rekening sal die volgende weerspieël–
   (a) alle uitstaande bedrae en die saldo wat oorgedra is;
   (b) verskuldigde bedrae;
   (c) totale bedrag betaalbaar; en
   (d) meterlesings waar van toepassing.

5. Navrae, dispute en appèl

(1) *Navrae:*
   (a) ‘n Verbruiker kan die munisipaliteit versoek om ‘n rekening te hersien.
   (b) Terwyl sodanige rekening hersien word, moet die verbruiker ‘n bedrag betaal gelyk aan die gemiddelde verbruik vir die voorafgaande drie maande waar die geskiedenis van daardie rekening beskikbaar is.
   (c) Waar sodanige geskiedenis nie beskikbaar is nie, moet die verbruiker voor die betaaldatum ‘n geskatte bedrag betaal totdat die aangeleentheid opgelos is.
   (d) Die munisipaliteit moet die aangeleentheid binne 10 werksdae na ontvangs van so ‘n versoek oplos en die betrokke verbruiker van die uitslag van ‘n ondersoek verwittig.
   (e) Versuim om voor of op die betaaldatum die bedrag soos bepaal in subparagraaf (1)(b) of (c) te betaal, kan meebring dat die verbruiker se dienste beperk of afgesluit sal word.

(2) *Dispute:*
   (a) ‘n Verbruiker mag ‘n dispuut aanteken oor enige gedeelte of die totale rekening wat ontvang is, in welke geval Artikel 102 van die Wet van toepassing sal wees.
   (b) Die bepalings van subparagraaf (1)(b) en (c) is van toepassing met die nodige veranderinge in die geval van ‘n dispuut.

(3) *Appèl:*
   (a) ‘n Persoon wat veronreg voel deur ‘n besluit van die munisipaliteit ingevolge gedelegeerde gesag mag appèl aanteken teen daardie besluit deur ingevolge Artikel 62 van die Wet binne 21 dae na die datum van kennisgewing oor die besluit skriftelik aan die munisipale bestuurder kennis te gee van die appèl.
   (b) Die redes vir die appèl moet duidelik deur die gegriefde persoon uiteengesit word; en
   (c) Waar van toepassing, moet die gelde vir die toets van enige meettoestel ingesluit word.

6. Betaalfasiliteite

(1) Die munisipaliteit sal strategies geleë toeganklike betaalkantore en kassiersbetaalpunte regoor sy regsgebied voorsien en in stand hou.

(2) Die volgende alternatiewe betaalfasiliteite sal ook voorsien word of beskikbaar wees–
   (a) elektroniese bankoordragte (A.C.B.-stelsel);

(b) internetoordragte;
(c) regstreekse deponering van geld in die munisipaliteit se goedgekeurde bankrekening;
(d) betalings by verskillende geakkrediteerde besigheidsondernemings en ander agentskappe.

(3) Waar van enige van die alternatiewe betaalfasiliteite gebruik gemaak word, berus die onus op die persoon wat van sodanige fasiliteite gebruik maak om bewys van betaling te lewer en aanvaar die munisipaliteit nie aanspreeklikheid vir nie-ontvangs van sodanige betalings of vir foutiewe toewysings nie indien sodanige foutiewe toewysings te wyte is aan ‘n fout deur sodanige persoon.

(4) Waar die betaling van die gelde wat verskuldig is by wyse van regstreekse deposito in die munisipaliteit se goedgekeurde bankrekening gedoen word, moet die verbruiker nie later nie as die betaaldatum bewys van die deposito indien.

7. Konsolidasie van rekenings en toewysing van betalings

(1) Ingevolge Artikel 102 van die Wet beskou die munisipaliteit alle afsonderlike rekenings van ‘n verbruiker as gekonsolideer, ongeag die feit dat afsonderlike rekenings gelewer kan word en sluit alle voorafbetaalde dienste waarvoor geen rekening gelewer word nie, in.

(2) Betalings wat deur die munisipaliteit ontvang word, sal toegewys word soos jaarliks tydens die begroting bepaal.

(3) Betalings wat ontvang word, sal toegewys word in terme van oudste skuld eerste ten einde verjaring van skuld te stuit of paaiementsgewys soos jaarliks deur die raad bepaal.

HOOFSTUK 3:
KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSMAATREËLS

8. Aansoek vir munisipale dienste

(1) Niemand mag sonder goedkeuring van die munisipaliteit munisipale dienste ontvang of verbruik nie.

(2) Die munisipaliteit mag ingevolge spesiale ooreenkomste dienste aan verbruikers lewer waar omstandighede spesiale maatreëls vereis.

(3) ’n Persoon wat munisipale dienste wil ontvang of gebruik, moet skriftelik aansoek doen op die voorgeskrewe vorm vir goedkeuring ingevolge paragraaf 8(1).

(4) Waar die verbruiker nie die eienaar van die betrokke eiendom is nie, moet die eienaar skriftelik toestemming verleen tot die lewering van munisipale dienste soos versoek.

(5) Na goedkeuring van ‘n aansoek om die voorsiening van dienste moet die munisipaliteit die aansoeker verwittig van–

(a) die verskillende vlakke of standaarde van dienste en die toepaslike tariewe of gelde wat ten opsigte van elke vlak van diens betaalbaar is;

(b) die datum vir die betaling van alle bedrae wat aan die munisipaliteit verskuldig is;
(c) die diensure van kassiere waar betalings gemaak kan word en die voorwaardes vir betaling by verkooppunte;
(d) die verskillende alternatiewe betaalfasiliteite en die voorwaardes en vereistes ten opsigte daarvan;
(e) die munisipaliteit se reg om water- of elektrisiteitsdienste te beëindig of te beperk in geval van nie-betaling van ‘n rekening of peutering met munisipale meettoerusting;
(f) die verbruiker se verantwoordelikheid vir enige skade wat aan meettoerusting of ander munisipale eiendom aangerig word;
(g) sy of haar verpligting om vir dienste te betaal ten spyte van die moontlike nie-lewering van ’n rekening;
(h) die munisipaliteit se reg om rekenings van die verbruiker te konsolideer;
(i) die munisipaliteit se reg om ‘n meter vir voorafbetaalde dienste te installeer op ‘n eiendom waar die elektrisiteitsvoorsiening as gevolg van nie-betaling of peutering afgesluit is in welke geval die meter die eiendom van die munisipaliteit bly;
(j) die munisipaliteit se reg om ’n water aanvraag bestuurmeter aan te bring by eiendom as gevolg van wanbetaling of peutering met toerusting in welke geval die meter die eiendom van die munisipaliteit bly;
(k) die reg om eenhede wat vir voorafbetaalde meters gekoop is terug te hou of te beperk of om ‘n gedeelte van enige betaling te verreken teen agterstallige bedrae as gevolg van die nie-betaling van bedrae wat aan die munisipaliteit verskuldig is;
(l) die munisipaliteit se reg om rente te hef op bedrae wat nie teen die betaaldatum vereffen is nie, soos uiteengesit op ‘n rekening;
(m) die munisipaliteit se reg op beslaglegging van roerende en onroerende eiendom;
(n) die munisipaliteit se hulp aan hulpbehoewendes; en
(o) die munisipaliteit se handves vir kliëntediens.

(6) Die munisipaliteit sal slegs verplig wees om ‘n spesifieke vlak van munisipale dienste wat versoek is te lewer–

(a) indien dit reeds in die gewone verloop van sake deur die munisipaliteit gelewer word; en
(b) indien die munisipaliteit die middele en kapasiteit besit om sodanige vlak van diens te lewer.

(7) ‘n Verbruiker mag te eniger tyd aansoek doen om die vlak van munisipale dienste wat aanvanklik goedgekeur is te verander met dien verstande dat die vlak van diens wat versoek word, beskikbaar is en dat die koste en betalings met betrekking tot sodanige verandering deur die persoon gedra word.

(8) In die geval van ‘n ongeletterde of dienooreenkomstig gestremde persoon, moet die munisipaliteit seker maak dat die persoon bewus is van, en die inhoud van ‘n aansoekvorm begryp en dat hy of sy bygestaan word met die voltooiing daarvan.

(9) Indien die munisipaliteit–

(a) ‘n aansoek vir die voorsiening van munisipale dienste of ‘n spesifieke diens of vlak van diens weier; of

(b) nie in ‘n posisie is om sodanige munisipale diens of vlak van diens op die datum waarop dit versoek word, te lewer nie;

(c) nie in ‘n posisie is om hoegenaamd sodanige munisipale diens of vlak van diens te lewer nie;

moet die munisipaliteit die aansoeker verwittig van sodanige weiering of onvermoë om die diens te lewer sowel as die redes daarvoor.

(10) ‘n Goedkeuring vir die verskaffing van dienste of enige onderneming of reëling ingevolge hierdie beleid kom nie neer op ‘n kredietfasiliteit wat beoog word ingevolge artikel 8(3) van die Nasionale Kredietwet nie, maar word beskou as toevallige krediet soos beoog ingevolge artikel 4(6)(b) gelees saam met artikel 5(2) en (3) van die Nasionale Kredietwet, 2005.

9. Aanspreeklikheid vir betaling

(1) ’n Verbruiker wat die dienste wat deur die munisipaliteit aangebied of gelewer word ingevolge sy funksies soos gelys in Bylae 4B en 5B van die Grondwet ontvang, gebruik of daaruit voordeel trek, is verantwoordelik vir die betaling van enige gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is ten opsigte van sodanige verbruik of voordeel.

(2) Indien diensteheffings om enige rede nie gehef is nie, is die munisipaliteit geregtig om ‘n rekening te lewer vanaf die datum waarop sodanige eiendom by die Aktekantoor geregistreer is.

(3) Huurgeld ten opsigte van die verhuring van staatsgefinansierde behuising en ander munisipale eiendom, is betaalbaar deur–

(a) die persoon met wie die huurooreenkoms gesluit is; of

(b) die persoon wat aansoek gedoen het om die perseel te huur, ingeval geen huurooreenkoms aangegaan is nie; of

(c) indien geen sodanige persoon geïdentifiseer kan word nie, die hoof van die huishouding wat so ‘n perseel okkupeer; of

(d) enige ander persoon wat verantwoordelikheid aanvaar vir die betaling van huurgeld wat verskuldig is, ongeag of so ‘n persoon die perseel okkupeer al dan nie.

(4) Die persoon of persone met wie ‘n leningsooreenkoms of skuldakte gesluit is, is verantwoordelik vir die terugbetaling van behuisingslenings.

(5) Waar ‘n rekening nie ten volle vereffen word nie, sal enige mindere bedrag wat aangebied word en deur die munisipaliteit aanvaar word, nie geag word as volle en finale betaling van sodanige rekening te wees nie, tensy die munisipale

bestuurder die betaling van sodanige mindere bedrag skriftelik aanvaar as die volle en finale betaling van die betrokke rekening.

(6) Die nie-lewering van ‘n rekening of ‘n fout of weglating op ‘n rekening sal nie ‘n verbruiker vrystel van die betaling van enige bedrae wat aan die munisipaliteit verskuldig is nie.

10. Betaaldatum

Rekenings vir eiendomsbelastings of dienste wat deur die munisipaliteit aangebied of gelewer is, word soos volg verskuldig en betaalbaar–

(1) Eiendomsbelastings:

(a) eiendomsbelastings word verskuldig en betaalbaar op 1 Julie van elke jaar waarvoor sodanige eiendomsbelasting bepaal word;

(b) die munisipaliteit verhaal die eiendomsbelasting wat gehef word in twaalf gelyke paaiemente, wat betaalbaar sal wees voor of op die laaste werksdag van elke maand ten opsigte waarvan sodanige betaling gemaak moet word;

(c) deur vooraf reëling sal die munisipaliteit die eiendomsbelasting wat gehef word, as ‘n enkele bedrag verhaal, welke bedrag betaalbaar is voor of op die laaste werksdag van Oktober van die jaar waarin die bedrag gehef word;

(d) waar eiendom na 1 Julie van die finansiële jaar van die munisipaliteit belasbaar word, sal die eiendomsbelasting wat gehef word, verskuldig en betaalbaar wees op die datum van kennisgewing aan sodanige eienaar van sy of haar aanspreeklikheid vir die betaling daarvan;

(e) die bepalings van subparagraaf (b) en (c) sal van toepassing wees met die nodige veranderinge ten opsigte van belastings wat ingevolge subparagraaf (d) gehef word;

(f) aansoeke om eiendomsbelastings as ‘n enkelbedrag te betaal, kan voor 31 Mei van elke jaar by die munisipaliteit ingedien word.

(2) Beskikbaarheidsgelde:

(a) beskikbaarheidsgelde word verskuldig en betaalbaar op 1 Julie van elke jaar waarvoor sodanige gelde bepaal word;

(b) die munisipaliteit sal die beskikbaarheidsgelde wat gehef word, in twaalf gelyke paaiemente verhaal, wat betaalbaar sal wees voor of op die laaste werksdag van elke maand ten opsigte waarvan sodanige betaling gemaak moet word;

(c) waar die gelde na 1 Julie van ‘n boekjaar betaalbaar word, sal die gelde verskuldig en betaalbaar word op die datum van kennisgewing aan sodanige eienaar van sy of haar aanspreeklikheid vir die betaling daarvan.

(3) Munisipale dienste:

Gelde wat ten opsigte van munisipale dienste betaalbaar is, is verskuldig en betaalbaar op die datum wat as sodanig aangedui word op die rekening wat elke

maand gelewer word en betaling moet gedoen word voor of op die laaste werksdag van die maand waarin sodanige rekening gelewer is.

(4) Huurgeld of leningspaaiemente:

Die betaling van huurgeld of leningspaaiemente verskuldig ten opsigte van staatsgefinansierde behuising of ander munisipale eiendom, moet gedoen word op die datums en in ooreenstemming met die bepalings vervat in die betrokke huur- of leningsooreenkoms.

(5) Ander gelde of paaiemente:

Die betaling van gelde anders as die bedrae genoem in subparagraaf (1) tot (5) moet geskied op die datum aangedui op die rekening, welke datum nie meer as 30 dae na die lewering van die spesifieke diens sal wees nie.

11. Agterstallige rekenings

(1) Eiendomsbelasting:

(a) waar eiendomsbelasting wat as ‘n enkelbedrag betaalbaar is, na die betaaldatum onbetaal bly, moet die Direkteur: Finansiële Dienste ‘n skriftelike kennisgewing beteken aan die eienaar van die eiendom waarin die eienaar aangesê word om die verskuldigde bedrag binne 14 dae vanaf die datum van die kennisgewing te betaal.

(b) indien die eienaar versuim om die kennisgewing, soos genoem in subparagraaf (a), te gehoorsaam, moet die Direkteur: Finansiële Dienste, onderworpe aan die bepalings van paragraaf 15, geregtelike stappe instel om sodanige eiendomsbelasting te verhaal.

(c) indien ‘n eienaar, wat eiendomsbelasting in maandelikse paaiemente betaal, in verstek raak met betalings, moet die Direkteur: Finansiële Dienste deur middel van skriftelike kennisgewing sy of haar reg om belastings in maandelikse paaiemente te betaal, terugtrek. In so ‘n geval word die volle uitstaande bedrag ten opsigte van eiendomsbelasting onmiddellik verskuldig en betaalbaar.

(d) indien eiendomsbelasting wat in maandelikse paaiemente betaalbaar is, na die verstryking van ‘n tydperk van 12 maande na die datum waarop sodanige eiendomsbelasting verskuldig en betaalbaar geword het, nie ten volle betaal is nie, moet die Direkteur: Finansiële Dienste optree ingevolge subparagrawe (a) en (b).

(e) die bepalings van subparagrawe (a) en (b) sal van toepassing wees ten opsigte van die verhaling van eiendomsbelastings soos beoog in subparagraaf (c).

(2) Beskikbaarheidsgelde:

Die bepalings van subartikels (c) en (d) is met die nodige aanpassings van toepassing op ’n eienaar wie in verstek raak met betaling van beskikbaarheisgelde.

(3) Munisipale Dienste:

(a) Indien ’n verbruiker versuim om op die betaaldatum enige bedrag, of gedeelte daarvan wat aan die munisipaliteit verskuldig is te betaal, mag die munisipaliteit–

(i) die elektrisiteitsvoorsiening na die betrokke perseel afsluit;

(ii) die voorsiening van water na sodanige perseel beperk deur ’n water aanvraag bestuurmeter op die diensaansluiting te installeer, wat minstens 6 kiloliter water per maand sal deurlaat, of soos toegelaat deur sodanige bestuurmeter;

(iii) ‘n voorafbetaal meter installeer waar die voorsiening van elektrisiteit weens nie-betaling afgesluit is;

(iv) eenhede wat vir ’n vooraf betaal meter gekoop word terughou of beperk, of ’n gedeelte van enige betaling verreken teen bedrae wat agterstallig is weens die nie-betaling van bedrae wat aan die munisipaliteit verskuldig is.

(b) Die munisipaliteit kan ’n ooreenkoms aangaan met ’n verbruiker wat nie in staat is om sy of haar rekening of ’n gedeelte daarvan te betaal nie, ingevolge waarvan hy of sy toegelaat sal word om die uitstaande bedrag in maandelikse paaiemente af te betaal soos jaarliks deur die raad bepaal.

(c) Waar van toepassing, kan die munisipaliteit ingevolge artikel 103 van die Wet ’n ooreenkoms met die verbruiker se werkgewer aangaan.

(d) Indien daar versuim word om aan die bepalings in subparagraaf (b) te voldoen, kan die munisipaliteit die ooreenkoms kanselleer en enige stappe vir skuldinvordering waarvoor in paragraaf (2)(a) voorsiening gemaak word, instel.

(e) Indien ‘n rekening aan ‘n verbruiker gelewer word waarvan die betaalbare bedrag uitsonderlik hoog is as gevolg van–

(i) ‘n handeling of versuim aan die kant van die munisipaliteit; of

(ii) ‘n lekkasie van water uit ‘n waterpypleiding of ‘n elektrisiteitsinstallasie op die perseel wat nie deel vorm van die munisipaliteit se diensaansluiting nie;

kan die munisipaliteit ’n ooreenkoms met die verbruiker aangaan om die verskuldigde bedrag in maandelikse paaiemente af te betaal, onderworpe aan die voorwaardes in subparagraaf (b).

(f) Indien agterstallige bedrae ten opsigte van munisipale dienste vir ’n tydperk van meer as 30 dae na die betaaldatum verskuldig is, en geen ooreenkoms soos beoog in subparagraaf (d) aangegaan is nie, moet die Direkteur: Finansiële Dienste, onderworpe aan die bepalings van paragraaf 15 geregtelike stappe teen die verbruiker instel om die skuld te verhaal.

(4) Huurgeld of leningspaaiemente:

(a) Rente wat op agterstallige huurgeld of leningspaaiemente betaalbaar is, sal gehef word ooreenkomstig die voorwaardes vervat in sodanige huur- of leningsooreenkoms.

(b) Waar huurgeld of leningspaaiemente nie voor of op die betaaldatum saam met die rente betaal word nie, sal ŉ brief van aanmaning gestuur word aan die persoon wat verantwoordelik is vir betaling.

(c) Die munisipaliteit mag ‘n ooreenkoms aangaan om die agterstallige bedrae in maandelikse paaiemente te betaal, onderworpe aan die voorwaardes vervat in subparagraaf 2(b), welke voorwaardes met die nodige veranderinge van toepassing sal wees.

(d) Indien ‘n ooreenkoms om die agterstallige bedrae te betaal nie aangegaan is nie, en sodanige agterstallige bedrae meer as 30 dae uitstaande is, moet die Direkteur: Finansiële Dienste die stappe neem soos uiteengesit in subparagraaf (2).

(5) *Ander gelde of paaiemente:*

Die bepalings van paragraaf (4) is met die nodige veranderinge van toepassing.

12. Heffing van rente

(1) Rente teen die standaardkoers mag gehef en gevorder word ten opsigte van alle verskuldigde en betaalbare bedrae vir elke maand wat die bedrae agterstallig is, met dien verstande dat vir die doel van die berekening, ‘n gedeelte van ‘n maand geag word as ‘n maand te wees.

(2) Rente word gehef vanaf die dag wat volg op die datum waarop die agterstallige bedrae betaalbaar geword het.

(3) Kwytskelding van sodanige rente kan gemagtig word deur die Direkteur: Finansiële Dienste, Munisipale Bestuurder en Interne Ouditeur, in oorleg met die Uitvoerende Burgemeester.

13. Afsluiting en heraansluiting van dienste

(1) Dienste wat ingevolge paragraaf 11(2) afgesluit is, sal slegs heraangesluit word na die betaling van–

(a) die agterstallige bedrae tesame met rente of volgens ‘n ooreenkoms vir die afbetaling daarvan indien ‘n ooreenkoms ooreenkomstig paragraaf 11(2)(b) aangegaan is;

(b) die heraansluitingsgelde;

(c) enige ander gelde soos bepaal ooreenkomstig die tariefbeleid van die munisipaliteit.

(2) Dienste wat ooreenkomstig paragraaf 21 afgesluit is, sal slegs na betaling van die volgende heraangesluit word–

(a) die heraansluitingsgelde;

(b) die koste van skade aan toerusting;

(c) die koste van die vervanging van beskadigde toerusting; en

(d) enige ander gelde soos bepaal in die tariefbeleid van die munisipaliteit.

(3) In die geval van nie-betaling of peutering met meettoerusting sal geen bystandsdiens vir die heraansluiting van dienste gelewer word nie.

14. Betaling van ’n deposito

(1) ‘n Verbruiker wat aansoek doen vir die lewering van munisipale dienste, moet ’n deposito, soos bepaal deur die munisipaliteit, betaal voor die verlangde dienste gelewer word.

(2) Die munisipaliteit mag die deposito verhoog waar ’n verbruiker versuim om sy volle uitstaande skuld vir munisipale dienste te betaal of waar dienste afgesluit word of beperk word ooreenkomstig paragraaf 11(2).

(3) Die verhoging sal gelykstaande wees aan die gemiddelde verbruik oor ’n tydperk van 12 maande.

(4) Wanneer ‘n verbruiker van een perseel binne die regsgebied van die munisipaliteit na ‘n ander perseel binne die regsgebied verhuis, kan die deposito verhoog word indien sodanige verhuising ‘n hoër deposito vereis.

(5) Wanneer dienste op versoek van ’n verbruiker beëindig word, of wanneer rekenings oorgeskakel word ingevolge paragraaf 4, mag die deposito gebruik word om bedrae wat deur die verbruiker verskuldig is te delg en die orige gedeelte, indien enige, sal terugbetaal word.

(6) Die munisipaliteit kan te eniger tyd enige deposito ingevolge sub paragraaf (1) verhoog, welke verhoging gelykstaande sal wees aan die gemiddelde verbruik oor ’n tydperk van 12 maande.

(7) Die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die betaling van rente op deposito’s wat gehou word nie.

15. Instelling van geregtelike stappe

(1) Die instelling van geregtelike stappe sluit in, maar is nie beperk nie tot–

(a) dagvaarding vir betaling van agterstallige bedrae;

(b) die beslaglegging van huur betaalbaar op ‘n eiendom waar van toepassing;

(d) die beslaglegging op ‘n verbruiker se vergoeding;

(e) die beslaglegging en verkoop in eksekusie van roerende eiendom;

(f) die beslaglegging en verkoop in eksekusie van onroerende eiendom;

(g) die uitsetting van ‘n bewoner vanaf munisipale eiendom.

(2) Die instelling van geregtelike stappe moet geneem word met inagneming van alle wetlike vereistes en die nakoming van die toepaslike regulasies en reëls.

(3) Indien skuld minder as R500 en 150 dae of ouer is, kan die Direkteur: Finansiële Dienste besluit of–

(a) ‘n rekening vir invordering oorhandig moet word; of

(b) geregtelike stappe teen hom of haar ingestel moet word.

(4) Die Direkteur: Finansiële Dienste kan bepaal, indien die skuld meer is as R500 en ouer is as 150 dae, welke van die geregtelike stappe wat in subparagraaf (1) genoem word, die mees aangewese en doeltreffende stap vir elke geval sal wees.

16. Afskrywing van agterstallige skuld

Die Direkteur: Finansiële Dienste kan aanbeveel dat agterstallige skuld afgeskryf word nadat al die beskikbare stappe geneem is om uitstaande bedrae in te vorder, met dien verstande dat ’n lys van onverhaalbare skuld minstens kwartaalliks aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word en dat die redes vir die afskrywings gemotiveer word.

HOOFSTUK 4: ALGEMENE BEPALINGS

17. Koste van invordering

Alle regskostes, invorderingskommissies en enige ander uitgawes wat deur die munisipaliteit aangegaan word om gelde wat deur ’n verbruiker verskuldig is in te vorder, sal teen sy of haar rekening gedebiteer word en van hom of haar verhaal word.

18. Gedishonoreerde betalings

(1) Die munisipaliteit sal koste- en administrasiefooie op die rekening van ’n verbruiker hef indien enige betaling deur middel van ‘n verhandelbare instrument deur ‘n bank gedishonoreer word.

(2) Indien ‘n betaling vir die derde keer binne ’n finansiële jaar deur die bank gedishonoreer word, mag toekomstige betalings slegs in kontant gemaak word.

19. Toegang tot persele

Gemagtigde amptenare van die munisipaliteit of ‘n diensverskaffer sal gedurende alle redelike ure toegang hê tot persele met die doel om hierdie beleid te implementeer en sodanige amptenaar moet die nodige identifikasie beskikbaar stel indien daartoe versoek

20. Veilige akkommodasie van diensaansluitings en apparaat

‘n Verbruiker sal verantwoordelik wees vir die veilige akkommodasie van enige diensaansluitings, meters, afsluitkrane, sowel as diensbeveiligingstoestelle en -toerusting op hulle persele en sal aanspreeklik wees vir enige kostes of verliese of skade wat die munisipaliteit ten opsigte daarvan mag aangaan of ly.

21. Ongemagtigde gebruik van dienste

(1) ‘n Verbruiker wat–

(a) munisipale dienste gebruik of toegang daartoe verkry sonder goedkeuring in ooreenstemming met paragraaf 8(1); of

(b) met enige seël of enige toestel of toerusting wat geïnstalleer is om dienste te meet, te verskaf of te beperk, peuter, dit breek of beskadig, sal aanspreeklik gehou word vir betaling vir enige ongemagtigde verbruik van dienste.

(2) Die munisipaliteit het die reg om water- of elektrisiteitsvoorsiening af te sluit na persele–

(a) indien sodanige dienste gebruik word sonder goedkeuring soos beoog in subparagraaf (1)(a); en

(b) indien meettoerusting opsetlik beskadig is of mee gepeuter is soos beoog in subparagraaf (1)(b).

(3) ‘n Verbruiker wat met enige toestel of toerusting peuter of dit beskadig, soos beoog in subparagraaf (b), sal aanspreeklik gehou word vir die kostes soos beoog in paragraaf 13(2) sonder benadeling van die munisipaliteit se reg om geregtelike stappe te neem.

22. Ondertekening en sertifisering van dokumente

‘n Bevel, kennisgewing of ander dokument wat deur die munisipaliteit onderteken of gesertifiseer moet word, word geag behoorlik onderteken en gesertifiseer te wees indien dit deur die munisipale bestuurder of ‘n behoorlik gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit gedoen is.

23. *Prima facie*-getuienis

In regsgedinge wat deur die munisipaliteit aanhangig gemaak word, kan die blote voorlegging van ’n sertifikaat wat die bedrag verskuldig en betaalbaar aan die munisipaliteit reflekteer, en onderteken deur die munisipale bestuurder of deur ’n gemagtigde amptenaar, deur die hof aanvaar word as *prima facie*-getuienis dat die bedrag verskuldig is.

24. Uitklaringsertifikate

(1) Met die verkoop van enige eiendom sal die munisipaliteit die vereiste uitklaringsertifikaat ingevolge artikel 118(1) van die Wet terughou tot alle bedrae wat met betrekking tot daardie eiendom vir munisipale dienste, bykomende bedrae, eiendomsbelasting en ander munisipale belastings, heffings en belastings verskuldig geword het gedurende die twee jaar voor die datum van aansoek om die sertifikaat, ten volle betaal is.

(2) Alle betalings sal aan die verkoper se munisipale rekenings toegewys word en alle terugbetalings sal aan sodanige verkoper gedoen word.

(3) Geen rente sal met betrekking tot sodanige betalings betaal word nie.

(4) Die uitklaringsertifikaat is vir ‘n tydperk van 60 dae geldig en die bedrag wat verskuldig is, sal soos volg bereken word–

(a) aansoeke wat op 30 Junie ontvang word, moet 3 (drie) maande se vooruit betalings insluit;

(b) aansoeke wat op 1 Julie ontvang word, moet die volgende insluit–

(i) eiendomsbelastings en beskikbaarheidsheffings vooruit vir die volle boekjaar; en
(ii) 3 (drie) maande se vooruit betalings vir water, elektrisiteit, riool en vullisverwydering.

(c) alle ander aansoeke sal 3 (drie) maande se vooruit betalings insluit.

(5) Betalings met betrekking tot subparagraaf (a) tot (c) sal alle uitstaande skuld op die eiendom insluit.

(6) Ingevolge artikel 118(3) van die Wet is ‘n bedrag verskuldig vir munisipale dienste, bykomende bedrae, eiendomsbelastings en ander munisipale belastings en heffingsgelde ‘n heffing teen die eiendom in terme waarvan die bedrag verskuldig is en voorkeur geniet bo enige verband wat teen die eiendom geregistreer is.

(7) Die verskuldigde bedrag sal vir die rekening van die geregistreerde eienaar wees, ongeag wie die skuld aangegaan het.

(8) Die munisipaliteit kan, nadat ‘n toepaslike hofbevel verkry is, enige eiendom in eksekusie verkoop om uitstaande skuld te verhaal.

HOOFSTUK 5: DEERNISONDERSTEUNING

25. Kriteria vir finansiële bystand aan hulpbehoewendes

(1) Die munisipaliteit kan finansiële bystand verleen aan ’n eienaar van eiendom wat aan die volgende kriteria voldoen–

(a) waar die eiendom wat deur die eienaar bewoon word teen R100 000.00 of minder gewaardeer word, of soos jaarliks deur die raad bepaal, met dien verstande dat die vrystelling van R15 000.00 soos beoog in artikel 17(1)(h) van die Wet uitgesluit sal wees van die R100 000.00; of

(b) waar die eiendom wat deur die eienaar bewoon word teen meer as R100 000.00 gewaardeer word, maar die gekombineerde inkomste van al die persone wat op die eiendom woon nie vier maal die ouderdomstoelaag wat deur die Staat betaal word oorskry nie; of

(c) waar die okkupeerder nie die eienaar van ’n eiendom is nie en die gekombineerde inkomste van al die persone wat op die eiendom woon, gelyk is aan of minder is as vier keer die ouderdomstoelaag wat deur die Staat betaal word.

(2) Geeneen van die persone wat op ‘n eiendom genoem in subparagrawe (a) tot (c) woon, mag ander onroerende eiendom besit nie.

(3) Die Direkteur: Finansiële Dienste mag die inkomsteperk in sub paragraaf (c) verhoog in gevalle waar buitengewone omstandighede voorkom, byvoorbeeld–

(a) waar ‘n groot getal persone wat op die perseel woon sonder enige inkomste is; of

(b) waar hulle moet sorg vir afhanklikes of familielede wat aan chroniese of terminale siektes of gestremdheid ly.

(4) Daar moet aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verslag gedoen word oor die diskresionêre verhoging, waar van toepassing.

26. Toewysing van finansiële hulp

(1) Onderworpe aan die volhoubaarheid en bekostigbaarheid daarvan sal finansiële bystand aan ‘n hulpbehoewende as volg toegeken word–

(a) 50 kWh elektrisiteit per maand;
(b) rioolgelde of die gelde betaalbaar ten opsigte van die pomp van ‘n suigtenk tot ‘n bedrag gelyk aan die vasgestelde tarief;
(c) vullisverwyderings gelde;
(d) 325 liter water per dag soos toegelaat deur die water aanvraag bestuurmeter;
(e) eiendomsbelasting betaalbaar tot ‘n maksimum bedrag wat bereken is teen die tarief vermenigvuldig met R100 000,00.

(2) Die ongebruikte gedeeltes van die 50 kW elektrisiteit en 10,5 kl water sal nie oordraagbaar wees van een maand na ‘n volgende nie.

(3) Die munisipaliteit moet die finansiële hulp wat aan hulpbehoewendes verleen word jaarliks gedurende die begrotingsproses hersien.

(4) Waar ‘n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter op ‘n perseel wat deur ‘n hulpbehoewende bewoon word, geïnstalleer is, en die elektrisiteitsaansluiting tot 20 ampère beperk is, sal sodanige hulpbehoewende eweneens in aanmerking kom vir finansiële bystand ten opsigte van die gebruik van elektrisiteit tot die mate soos bepaal in subparagraaf (1)(a), met dien verstande dat krediet wat op sodanige rekening verwerf is, gebruik sal word vir die vereffening van eiendomsbelasting wat verskuldig is of vir bedrae wat ten opsigte van enige ander munisipale dienste verskuldig is.

27. Kansellasie van finansiële hulp

(1) Die Direkteur: Finansiële Dienste kan die finansiële omstandighede van ‘n hulpbehoewende te eniger tyd ondersoek en kan–

(a) dokumentêre bewys of inligting met betrekking tot die inkomste of leefstyl van persone wat op die eiendom woon, versoek;
(b) die inligting wat deur ‘n huishouding of ‘n lid van die huishouding verstrek is, verifieer deur onderhoude te voer met en verklarings te neem van sodanige lede of enige ander persoon;
(c) na behoorlike kennisgewing, die huishouding se finansiële bystand hersien of kanselleer indien–
    (i) onwettige praktyke op die perseel plaasvind wat insluit, maar nie beperk is nie tot–
        (aa) bouwerk sonder goedkeuring;
        (bb) sake- of kommersiële gebruike teenstrydig met die Stadsbeplanning Skemaregulasies;
        (cc) handeldryf in drank of verbode middels; of

(ii) valse inligting verstrek is in ‘n poging om finansiële bystand te kry of te behou;

(iii) omstandighede tot so ‘n mate verander het dat die hulpbehoewende nie meer aan een of meer van die vereistes in paragraaf 25 genoem, voldoen nie;

(d) enige stappe neem om onwettige toegang tot finansiële hulp as ‘n hulpbehoewende te verhoed.

(2) In geval van kansellasie van finansiële bystand ingevolge subparagraaf (1)(c), sal die hulpbehoewende onmiddellik alle finansiële bystand verbeur en die munisipaliteit sal geregtig wees om die finansiële bystand wat aan hom of haar toegestaan is terug te eis–

(a) vanaf die datum waarop dit oorspronklik verleen is in gevalle waar subparagraaf (1)(c)(i) van toepassing is; of

(b) vanaf die datum waarop die omstandighede waarna in subparagraaf (1)(c)(ii) verwys word, verander het, of indien sodanige datum nie bepaal kan word nie, vanaf die datum waarop daar vasgestel is dat die huishouding nie meer aan die vereistes vir kwalifisering voldoen het nie.

(3) ‘n Hulpbehoewende wie se deernisondersteuning gekanselleer is, sal volgens die diskresie van die Direkteur: Finansiële Dienste heroorweeg word vir ondersteuning indien die omstandighede wat tot kansellasie gelei het, uit die weg geruim is.